# PSALM 48

D                              A    D
1. Yahweh is groot waar Sions top
       G        D         Bm     A
hom wentel uit die dieptes op.
    D                  A      D
Hy is lofwaardig, waar verhewe
     G           D        A         D
die berg en stad in songlans bewe,
     G      A         D
en Sion teen die noorde
        D        E       A
blink, bó die lof van woorde.
        G        A       D
Daar waar in vlekkelose wit
     G                    E       A
die Koning van die wêreld sit,
      D                      A      D
het Hy, wat teen die vyand waak,
      A                    D     A    D
as rotsburg Hom bekend gemaak.

D                              A       D
2. Ons wil, Yahweh, wat redding skenk,
      G      D        Bm        A
aan al U goedheid bly gedenk
    D                 A D
as ons tesaam is in U woning.
     G           D         A      D
Net soos U Naam is, grote Koning,
   G      A          D
so is U glansverskyning:
      D      E       A
die vyand se verdwyning
        G        A      D
word aan die volkere bekend
     G                    E       A
tot by die aard’ se verste end.
      D                       A         D
U hand wat nooit die kwaad gedoog,
      A              D    A     D
rys vol geregtigheid omhoog.

```
        D                     A       D
3.      Laat Sions berg weerklink van vreug!
             G      D       Bm     A
        Laat Juda’s dogters hul verheug,
             D                A    D
        Dat Yahweh’s oordeel hul verbly het –
            G        D      A     D
        dié oordeel wat Sy volk bevry het.
             G        A        D
        Aanskou die stad met skanse,
           D    E    A
        paleise, toringtranse –
            G      A        D
        hoedat hul pryk met nuwe prag;
            G               E      A
        en meld dit aan die jong geslag:
            D            A       D
        Yahweh is onse God, en Hy
            A           D   A   D
        sal tot die dood toe ons gelei.
```